
# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** **FEBRUARY/MARCH 2019**

## ONTHULLING VAN BUITELUG GIMNASIUM, PIKETBERG!

**"DIE** buitelug gimnasium is meer as net 'n projek, dit is 'n belegging in goeie gesondheid en welstand**".**

So sê die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsheer Ray van Rooy, oor die belangrikheid om 'n aktiewe lewenstyl te lei en 'n geleentheid te bied vir mense om te oefen.

Bergrivier Munisipaliteit het in November 2018 die langverwagte buitelug gimnasium amptelik in Piketberg geopen, geleë op die hoek van Kloof– en Sarel Cilliersstraat, oorkant Rhino Park.



Die gimnasium, wat sentraal geleë is en toeganklik is vir alle lede van die gemeenskap, bestaan uit 14 verskillende soorte gimnasium-toerusting wat ontwerp is om 'n persoon se liggaamsmassa te gebruik as gewigte gedurende oefensessies.

Die onthulling van die buitelug gimnasium dui op die voltooiing van Fase 2 van die RSEP (Regional Socio-Economic Program).



Van Rooy lê klem op die feit dat kinders onder die ouderdom van 12 jaar onder volwasse toesig moet wees wanneer toerusting gebruik word.

Kom oefen!



## MINISTER OORHANDIG TRANSPORTAKTES!

**DIE** Wes-Kaapse Minister van Menslike Nedersettings, Mnr. Bonginkosi Madikizela, het Bergrivier Munisipaliteit op 1 November 2018 besoek om transportaktes amptelik te oorhandig aan 16 behuisingbegunstigdes, tydens 'n geleentheid by die Piketberg Munisipale Biblioteek.

Die oorhandiging vorm deel van die departement se '*Enhanced Extended Discount Benefit Scheme*' of EEDBS-program. Hierdie program ondersteun die oordrag van die voor-1994 behuisingvoorraad aan bewoners wat daarvoor kwalifiseer.

Bergrivier Munisipaliteit wil graag alle begunstigdes wat hul baie belangrike dokumentasie ontvang het, gelukwens. Hiermee word bewys dat hulle die wettige eienaars van hul eiendom is. Baie geluk!

Die Minister het genoem dat die Departement van Menslike Nedersettings die afgelope nege jaar bykans R100 miljoen in die Bergrivier Munisipale gebied bestee het en dat meer as 1 700 behuisingsgeleenthede in hierdie streek daardeur geskep is.

"Dit is die enigste departement wat werklik mense se lewens raak. Ons bou nie net huise nie, maar ons herstel die waardigheid van ons mense. Om 'n huis te besit, gaan nie net oor daardie struktuur nie. Dit gaan oor 'n dokument wat bewys dat jy die wettige eienaar van die betrokke huis is", het Madikizela gesê.



## KLIëNTEDIENSBEAMPTES

Vir alle navrae kontak gerus u naaste kliëntediensbeampte:

- ⇒ **Piketberg** Jackie van Huyssteen 022 913 6000 *vanhuyssteenj@bergmun.org.za*
- ⇒ **Porterville** Elisma Maarman 022 931 2100 *maarmane@bergmun.org.za*
- ⇒ **Velddrif** Claureen Varnicker 022 783 1112 *varnickerc@bergmun.org.za*

## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za.

## BURGEMEESTER SE GHOLFDAG



**DIE** Burgemeester se gholfdag is een van Bergrivier Munisipaliteit se hoogtepunte op die kalender, met talle spanne wat jaarliks inskryf om fondse te genereer om terug te ploeg in hul gemeenskappe.

Die gholfdag is 'n jaarlikse fondsinsameling inisiatief waarby alle winste aan die Burgemeester se Hulpfonds toegeken word. Die gebeurtenis het op Vrydag 02 November 2018 by die Porterville Gholfbaan plaasgevind.

Hierdie fondse word gebruik om al die gemeenskappe in die Bergrivier-area te ondersteun en te help met sosiale ontwikkeling.

Hulp word verskaf om verskeie redes of ter ondersteuning van verskillende behoeftes soos: brande, sportgeleenthede en in tye van krisis.

Bergrivier Munisipaliteit wil almal hartlik bedank wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid. Die wenspan is: Louis Nthane, Floors Martiens, Klasie Klaase en Tommy Booyse. Baie geluk!

## DERDE SKOON OUDIT IN 'N RY

**BERGRIVIER** Munisipaliteit kondig aan dat ons vir die derde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit vir die 2017/2018 finansiële jaar ontvang het. Alle munisipaliteite word jaarliks ge-oudit tussen Julie en November.

Die finale ouditverslag deur die onafhanklike Ouditeur-Generaal is op 30 November 2018 ontvang.



"Ons bedank graag ons Raad, direksie, amptenare en al ons rolspelers vir hul volgehoue goeie samewerking. Bergrivier Munisipaliteit is waarde-gedrewe en ons glo daaraan om die regte goed reg te doen. Dankie aan elke lid van ons publiek wat ons voortdurend op ons tone hou. Ons dien met trots," het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, gesê.

Die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde, het bevestig dat Bergrivier Munisipaliteit een van net 13 munisipaliteite is wat 'n skoon oudit in die Wes-Kaap behaal het.

'n Span ouditeure het die afgelope vier maande 'n intensiewe evaluering van Bergrivier Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsels, finansiële state, interne beheermaatreëls, regering en leierskap gedoen. Dié munisipaliteit het dus sy skoon oudit status behou en weliswaar met geen bevindinge.

Linde het verduidelik dat dit 'n uitdagende tydperk was tydens die ouditproses, maar het klem daarop gelê dat spanwerk binne die munisipaliteit die sleutelfaktor is in die bereiking van 'n suksesvolle verslag. Sy het almal bedank wat meegewerk het.

# BERGRIVIER MUNICIPALITY AND TAIWANESE DELEGATION HANDOVER LAPTOPS TO KAROOKOP PRIMARY

**A** delegation from the Taiwanese Government graced the Bergrivier Municipal Area on 28 January 2019 with donating seven laptops to Karookop Primary School.

The Executive Mayoral Committee of Bergrivier Municipality, led by the Executive Mayor, Alderman (Ald.) Ray van Rooy, accompanied the delegation to the farm school some 50km outside Piketberg. More than 140 learners will benefit from this donation.

Henk Brand, Principal of Karookop Primary School, said the donation is such a blessing to the school and its learners as "we currently don't have any laptops for learners to make use of".

"We are very grateful. These laptops will really help us to connect with the rest of the world, as we are so far from everything. It will also help learners to do some research for their projects and will drastically improve their computer skills," said Brand.



Dean Wang, Director General from Taipei Liaison Office in Cape Town, mentioned that they want to help people living in rural areas. "We want to express our love and care for others and we want to share and inspire others to reach their full potential. Therefore, this is a small donation that we hope would go a long way by enhancing the level of education, using technology," said Wang.

Karookop Primary School was established in 1960. The school started with only 60 learners and has since grown to accommodate 146 learners from Grade R to 7.

Ald. Van Rooy said he is very grateful for the Taiwanese Government's generous donation. He mentioned that they were searching for a school in the Bergrivier Municipal Area which really needed assistance.



"I think education is the key to improving one's quality of life. I'm certain that this donation will help the learners of Karookop Primary School to connect with the world via the internet and will open a door of endless possibilities for learning."

Members of the Executive Mayoral Committee at Bergrivier Municipality also handed out stationery for the Grade R and Grade 1 learners.

# NUWE SPEELGOEDBIBLIOTEEK VIR NOORDHOEK, VELDDRIF



**BERGRIVIER** Munisipaliteit, in vennootskap met *Early Year Services* (EYE), 'n nie-winsgewende organisasie, het in Desember 2018 'n speelgoedbiblioteek in Noordhoek (Velddrif) geopen.

Dit is die eerste uitrol van drie biblioteke wat beplan word vir die Bergrivier Munisipale Gebied. Die ander twee sal in Porterville en Piketberg wees.

Die doel van hierdie inisiatief is om te help met die ontwikkeling van jong kinders deur hulle die geleentheid te bied om opvoedkundige speelgoed en kinderboeke te gebruik om hul gedagtes te stimuleer.

Om met speelgoed te speel en boeke te lees, vorm 'n kritiese rol in die ontwikkeling van 'n kind, want dit is die tydperk waarin hulle nuwe dinge ontdek en waardevolle lesse en vaardighede leer.



Speel is die manier om te leer, verbeel, skep, inspireer en om pret te hê.

Speelgoed is gereedskap wat verbindings in die brein skep vir toekomstige ontwikkeling. Baie dankie EYE!

# UITVOERENDE BURGEMEESTER SE BOODSKAP AAN MATRIKULANTE

**HARTLIK** geluk aan alle matrikulante van 2018 wat hul finale eksamen geslaag het en 'n spesiale woord van geluk aan diegene wie 'n A-simbool behaal het.



UITVOERENDE BURGEMEESTER RAADSHEER RAY VAN ROOY

Aan die matriek klas van 2019, baie sterkte met die nuwe hoofstuk in jou lewe.

Jy is op die drumpel van 'n hele nuwe wêreld! Jy is amper klaar en die eindstreep van jou skoolloopbaan is in sig.

Onthou, die keuses wat jy maak bepaal die lewe wat jy lei. Jy is nou vir jouself verantwoordelik en alles wat jy doen bepaal die vooruitgang van jou toekoms. Glo in jouself en alles wat jy is, glo dat daar iets binne jou is wat groter is as enige hindernis. Dit maak nie saak waar jy vandaan kom nie. Al wat saak maak is waarheen jy oppad is.

Om 'n sukses te maak van jou laaste jaar op skool, beteken dat jy jouself goed moet voorberei vir al jou eksamens gedurende die jaar.

Voorspoed met die opkomende toetsreeks en eindig sterk.

# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT SKRYF IN TOTAAL R2,94M AF VIR HULPBEHOEWENDES

**DIE** Bergrivier Munisipaliteit het gedurende Desember 2018 alle nuwe hulpbehoewende aansoeke wat oor 30 dae uitstaande was, se skuld afgeskryf aangesien hulle wetlik daarvoor kwalifiseer.

In totaal is R2,94 miljoen afgeskryf en 1 519 rekeninge gekrediteer.



Die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsheer Ray van Rooy, het verduidelik dat "alle deernisgevalle se agterstallige skuld afgeskryf is en ons wil 'n beroep op diegene doen om hul rekeninge op datum te hou. Ons is besig om te kyk na die rekeninge van afgestorwenes."

Alle geregistreerde hulpbehoewende families ontvang gratis dienste vanaf die munisipaliteit ter waarde van R487,62 per maand.

Die munisipaliteit nooi alle huishoudings wat as hulpbehoewende huishoudings wil registreer en vir finansiële bystand in aanmerking wil kom, om die munisipaliteit te besoek.

**Vir meer inligting, kontak die volgende deernisbeamptes:**

**Piketberg:** Mabel Fortuin 022 913 6061/ fortuinm@bergmun.org.za

**Porterville:** Lizel Isaacs 022 931 8409/ isaacsl@bergmun.org.za

**Velddrif:** Simonia Philander 022 783 8303/philanders@bergmun.org.za

# BERGRIVIER TO HEIST-OP-DEN-BERG, BELGIUM

**A** group of 10 enthusiastic learners from the Bergrivier Municipal Area will be travelling to Heist-op-den-Berg in Belgium in March/ April 2019.

The theme of the trip is to identify a project that will be in line with the youth strategy which addresses the needs of the youth in the Bergrivier Municipal Area, and how to get them involved in matters of society where they can make a difference.




The learners were selected from the four high schools in the region namely: Porterville High School, Steynville Secondary School, Piketberg High School and Velddrif High School.

The chosen learners are: Con-Li Dalmarié Halvorsen, Ravell Frans, Rohan Knoetzen, Marshall Gouws, Romeo Rethabile Mateta, Annwillay Reneva Jansen, Rayvern-Lee Kayster, Danielle Lynette Monk, Ziani Muller and Paula Valentina Rose Fester.

We would like to encourage all residents and visitors to support the learners as they attempt to raise funds for their educational trip to Belgium.

Any sponsorship can be paid directly into the municipality's bank account (Nedbank Limited: 116 976 13 80 — Reference: Belgium Exchange Program). For more information contact Mrs. Alletta van Sittert at 022-913-6076. We wish them all the best on their trip!